

“Dat almal een mag wees”



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Johannes 17:1–26, 1 Johannes 5:19, Johannes 13:18–30, Johannes 5:20–23, Markus 9:38–41, Openbaring 18:4, 1 Johannes 2:3–6.

Geheetekes:

“Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het” (Johannes 17:20, 21; NAB).

Die Evangelie volgens Johannes help ons om Jesus beter te verstaan. Met sy versaking en kruisdood op hande, is Hy duidelik oor ’n aantal belangrike dinge besorgd. In vyf uiters deurslaggewende hoofstukke (Johannes 13–17) ontvang ons Jesus se laaste onderwysing aan sy dissipels. Dit bereik ’n hoogtepunt in hoofstuk 17, wat deur sommige as sy “hoëpriestersgebed” beskryf word. “Dit is ’n besonder beskrywende naam, want dit is die Heiland se selftoewydingsgebed, vir die soendood waarin Hy beide hoëpriester en slagoffer sou wees. Terselfdertyd is dit ’n toewydingsgebed, ten bate van dié aan wie Hy sy soenoffer skenk – die dissipels wat daardie aand in die bovertrek was en almal wat daarna deur hul getuienis gelowig sou word” (F. F. Bruce, *The Gospel of John*, [Grand Rapids: Eerdmans, 1983], bl. 328). Aan die kern van sy voorbedding lê die diepe versugting dat sy dissipels een sou wees, so ook diegene wat deur hul prediking Christene sou word. Dit is ’n belangrike tema in Jesus se gebed: “Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik” (Johannes 17:9, 10; NAB). Sonder hierdie gebed en die lesse wat daaruit te leer is, is ’n sinvolle gesprek oor kerkeenheid, oor eenwees in Christus, eenvoudig buite die kwessie. Waarvoor bid Jesus hier? Vir wie bid Hy hier? En wat beteken hierdie gebed vir die hedendaagse gelowige?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 20 Oktober.*

Jesus bid vir Homself

Die hoëpriestersgebed bestaan uit drie dele. Eers bid Jesus vir Homself (Joh. 17:1–5), dan vir sy dissipels (Joh. 17:6–19), en laastens vir diegene wat eendag in Hom sal glo (Joh. 17:20–26).

Lees Johannes 17:1–5. Waaroor gaan sy gebed, in 'n neutedop, en wat beteken dit vir ons?

Jesus doen eerstens bemiddeling vir Homself. In die voorafgaande hoofstukke noem Jesus dat sy tyd nog nie aangebreek het nie (Joh. 2:4, 7:30, 8:20), maar nou het die uur van sy soenoffer aangebreek. Die klimaktiese afsluiting van sy aardse bediening en lewe is hier. Derhalwe smag Hy na krag om sy sending te volbring, en daarom gaan Hy op sy knieë. Jesus is vasbeslote om die wil van sy Vader te doen, en so eer aan Hom te bring, selfs al beteken dit dat Hy aan die kruishout moet ly. Die aanvaarding van sy lot is egter nie 'n vorm van boedel oorgee nie. Allermens. Dit is hoe Hy die gesag wat die Vader Hom gegee het, uitoefen. Syne was nie 'n martelaarsdood nie. Hy het dit willens en wetens gedoen, ter ere van die Vader. Sy kruisdood as soenoffer vir die ganse mensdom is die rede vir sy sending en vleeswording, en is ook die rede hoekom Hy dit deursien.

Wat is die ewige lewe volgens Johannes 17:3? Wat beteken dit om God te ken?

Neem eerstens in ag dat die ewige lewe op 'n persoonlike belewenis met God neerkom. Dit is allerbelangrik, en dit is wat Jesus hier sê. Nietemin kom dit nie op redding deur werke of boekekennis neer nie. Om God te ken, is 'n eerstehandse ervaring wat 'n mens danksy die soendood van Jesus te beurt val. Dit is kennis wat jy deur jou vriendskapsband met God die Vader ontvang. Die mens is geneig om kennis uitsluitlik as 'n hoop feite en besonderhede te sien. Vir Jesus is kennis meer omvattend en vervullend as dit. Dit kom op 'n boesemvriendskap met God neer. Jesus se eerste koms het ook ander oogmerke gehad – die rig van die mensdom in sy soeke na daardie meer betekenisvolle en reddende Godskennis, asook die onderlinge eenheid waartoe sulke kennis aanleiding gee.

'n Mens kan kennis oor God hê, of jy kan God self ken. Wat is die groot verskil? Watter ervarings het jou al gehelp om God persoonlik te ken?

Jesus bid vir Sy dissipels

Lees Johannes 17:9–19. Wat is Jesus se bede vir sy dissipels in hierdie skrifgedeelte?

Nou bid Jesus vir sy dissipels omdat hulle geloof op die spel is. Gaan hulle steeds in Hom bly glo na sy hemelvaart, wanneer Hy nie meer in die vlees teenwoordig is nie? Dit is hoekom Jesus hulle aan die Vader opdra. Jesus bid dat die Vader hulle op aarde sal deurdra. Met ander woorde, Hy bid nie vir die ganse wêreld nie. Hy weet immers dat die wêreld in beginsel teen die wil van die Vader gekant is (1 Joh. 5:19). Tog is dit juis in die wêreld dat die dissipels diensbaar moet wees, en daarom bid Jesus dat hulle teen die bese dinge op aarde beskerm sal word. Nietemin is Jesus wel oor die wêreld besorgd. Hy het immers gekom om die mensdom te red. Die verkondiging van daardie blye boodskap is egter afhanklik van diegene wat in en aan die wêreld moet getuig. Dit is hoekom Jesus vir hulle voor die Vader intree, sodat hulle teen die duiwel kan standhou (Matt. 6:13).

Een dissipel het wel geval. Vroeër daardie aand het Jesus genoem dat een van die 12 van plan was om Hom te verrai (Joh. 13:18–30). Hoewel Jesus daarop wys dat Judas se verraad in die Skrif voorspel word (Ps. 41:9), word Judas nie aan die spreekwoordelike “noodlot” uitgelewer nie. By die laaste avondmaal doen Jesus ’n beroep op hom, om van besluit te verander, as ’n blyke van sy vriendskap en liefde (Joh. 13:26–30). “By die laaste avondmaal bewys Jesus sy goddelikheid deur die verraaier se planne op die lappe te bring. Op ’n liefderyke wyse maak Hy Judas deel van die maaltyd en voetwassing. Tog het sy laaste liefdesoproep op dowe ore geval” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 720). Met die wete dat jaloesie en naywer verdeeldheid onder die dissipels kon bring, soos dit vantevore al gebeur het, bid Jesus vir eensgesindheid: “Heilige Vader, bewaar in u Naam dié wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons” (Joh. 17:11, OAB). Dié soort eenheid is vêr bokant ons vuurmaakplek. Dit kom slegs van Bo, en is ’n genadegawe. Die dissipels se eenheid is gegrondves in die eenheid tussen God die Vader en God die Seun, en daardie eenheid is ’n onontbeerlike voorvereiste vir doeltreffende diens. Hul moes in die waarheid geheilig word, wat ’n onmisbare deel van diens aan God en die mens is. God se genade sou die dissipels van binne transformeer. Die ding is net: Hulle kon nie getuies vir God en sy waarheid wees as hulle self nie daardeur getransformeer is nie.

Wat bedoel Jesus wanneer Hy sê dat sy dissipels “nie van die wêreld [is] nie?” Wat omtrent ons wese, ons manier van dink en lewe, maak dat ons “nie van die wêreld [is] nie?”

“Vir dié wat tot geloof in My sal kom”

Na Jesus vir sy dissipels gebid het, word sy gebed meer inklusief. Hy bid “ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom” (Joh. 17:20, NAB).

Lees Johannes 17:20–26. Wat is Jesus se grootste wens vir diegene wat later in die evangelie sou glo? Hoekom is dit so belangrik dat hierdie gebed vervul moet word?

Net soos die Vader en die Seun een is, bid Jesus ook dat alle gelowiges in die toekoms een sal wees. Op ’n paar plekke in die Evangelie van Johannes praat Jesus van die feit dat Hy en die Vader een is. Die een tree nooit onafhanklik van die ander op nie, maar is altyd verenig in optrede (Joh. 5:20–23). Hulle het ’n gemeenskaplike liefde vir die gevalle mensdom, soveel so dat die Vader bereid was om sy Seun vir die wêreld te gee, en dat die Seun bereid was om gestuur te word (Joh. 3:16, 10:15). Die soort eenheid waarvan Jesus in hierdie gebed praat, is ’n eenparigheid van liefde en strewende, dié soort wat die Vader en die Seun deel. “Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Joh. 13:35, OAB). Die liefdevolle uitleef van daardie eenheid is ’n openbare belydenis – beide van hul vriendskap met Jesus en ook met die Vader. “Die tentoonstelling van hul opregte eenheid moes oortuigend wees, ’n getuienis ten gunste van die evangeliewaarheid” (Andreas J. Köstenberger, kommentaar op Johannes, Baker Exegetical Commentary on the New Testament [Grand Rapids: Baker Academic, 2004], bl. 498. Dit is hoe die wêreld beseft dat Jesus die Verlosser is. Met ander woorde, die eenheid waarvoor Jesus hier bid, kan nie onsigbaar wees nie. Hoe moet die wêreld van die evangeliewaarheid oortuig word as hulle dan nie liefde en eenheid by God se kinders kan bespeur nie?

“Die Here berei ’n volk voor wat in volmaakte harmonie kan saamstaan, met die ewige waarheid as hul grondslag... Hy begeer dat elke mens tot inkeer sal kom en in geloof saamgesnoer moet word. Kort voor sy kruisiging bid Jesus dat sy dissipels een moet wees, op dieselfde manier as wat Hy en die Vader een is; sodat die wêreld kan glo dat die Vader Hom gestuur het. Hierdie hartroerende en wonderlike gebed spreek reeds eeue lank tot die gelowige, en ook tot jou en my. Let op sy woorde: ‘Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir dié wat deur hulle woord in My sal glo’ (OAB). “Elke belydende Christen behoort erns met die woorde in dié gebed te maak, deur dit uit te leef” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 4, bl. 17).

Wat doen ons in ons lewens en in ons gemeentes om die soort eenheid wat hier uitgebeeld word, uit te leef? Dit is belangrik dat die kerk en gemeente moet saamstaan. Hoekom is die prysgee van die eie-ek so deurslaggewend vir die verwesenliking van hierdie ideaal?

Eenheid onder alle gelowiges

Lees Markus 9:38–41 en Johannes 10:16. Wat leer ons uit die antwoord wat Jesus aan Johannes hier gee, spesifiek aangaande uitsluiting en vinnige oordele wanneer dit by die vraagstuk: “Wie is ’n ware volgeling van Jesus?” kom.

Sewendedag-Adventiste voel dikwels dat Jesus se gebed in Johannes 17 op kerkeenheid binne die SDA-kerk betrekking het. Die meeste Adventiste is dit eens: As ’n kerkgenootskap moet ons saamstaan om ons sending te volbring, naamlik om die drie-engeleboodskap aan die wêreld te bring. Die vraag is net: Wat van eendrag tussen ons en ander Christene? Hoe behoort ons teenoor nie-Adventiste-Christene op te tree, inagname die gebed wat Jesus hier bid? Die Here het beslis getroue kinders in ander kerke. Die Bybel stel dit onomwonde dat God ook getroue volgelinge elders het, selfs in Babilon: “Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie” (Op. 18:4, OAB).

Terselfdertyd sê Openbaring vir ons dat daar groot afvalligheid onder diegene sal wees wat die naam van Jesus bely. Wat meer is, in die laaste dae gaan baie van die vals Christene saamstaan en met die staat saamwerk om die vervolgings wat so kleurryk in Openbaring 13:1–17 beskryf word, teweeg te bring. Dit is hoekom Adventiste baie versigtig vir oproepe tot eenheid – soos dié van die interkerklike beweging - is. Die vraag bly staan: Hoe behoort ons teenoor ander denominasies en kerkgenootskappe op te tree? Ellen G. White laat haar soos volg uit oor Sewendedag-Adventiste wat met ander Christene saamwerk, en dat dit moontlik is, wel ten minste in die geval wat hier beskryf word: “Wanneer die gelowige as ’n [feilbare] mens sy/haar wil aan God onderwerp, sal die Heilige Gees sy influisterwerk onder diegene wat bearbei word, verrig. Die Here het aan my getoon dat ons nie die WCTU-werkers (Woman’s Christian Temperance Union) ons steun moet ontseë nie. Hierdie saamstaan ten bate van geheelonthouding beteken nie dat ons ons sienings oor Sabbatsviering hoof prys te gee nie. Deur saam te werk, toon ons ’n waardering vir die standpunt wat die WCTU ter wille van matigheid inneem. Ons behoort hulle met ope arms te verwelkom en by ons te laat aansluit. Saam kan ons die matigheidskwessie aanpak en boonop so hul verdere bystand in dié verband verseker. Deur by ons aan te sluit, kan die WCTU-werkers nuwe bybelwaarhede ontvang – waarhede wat die Heilige Gees gereed is om aan hulle te openbaar” (*Welfare Ministry*, bl. 163). Mev. White se raad was natuurlik tydvak- en situasiegebonde. Tog kan ons praktiese beginsels daaruit put. Dit toon hoe ons teenoor ander Christene behoort op te tree, veral betreffende saamstaan ter wille van ’n belangrike saak. Eerstens toon dit dat ons wel kan saamwerk wanneer dit by die aanspreek van maatskaplike kwessies kom waaroor ons dieselfde standpunt huldig. Wanneer ons uiteindelik saamwerk, moet ons dit, tweedens, op ’n wyse doen wat nie ons oortuigings of praktyke ondermyn nie. Laastens kan (en behoort) ons daardie “verenigde front” reg te benut, deur die kosbare waarhede waarmee die Here ons geseë het, met ons samewerkers te deel.

Een geloof wat ons in liefde deel

In Johannes 17:3 sê Jesus dat 'n mens die ewige lewe het wanneer jy God ken. Lees nou 1 Johannes 2:3-6. Wat beteken dit om God te ken? Hoe toon 'n mens dit in jou daaglikse handel en wandel?

Deesdae verwys baie mense na hulself as wetsgehoorsame burgers. Tog maak hulle dikwels die Bybelse voorskrif om die wet van God te onderhou, af. Party redeneer selfs dat genade die tien gebooe vervang het. Tog strook dit nie met die Bybelse leer nie: “Die onderhouding van die tien gebooe is nie 'n voorvereiste om God/Jesus te kan ken nie. Nee, dit is 'n teken dat ons Hom reeds ken en liefhet. Om Hom te ken is dus nie net 'n intellektuele onderneming nie, maar 'n daadwerklike uit leef” (Ekkehardt Mueller, *The Letters of John* [Nampa, Idaho: Pacific Press, 2009], bl. 39). Jesus het dit Self ook benadruk: “As julle My liefhet, bewaar my gebooe... Wie my gebooe het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet” (Joh. 14:15, 21; OAB). “Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooe bewaar. Want dít is die liefde tot God, dat ons sy gebooe bewaar; en sy gebooe is nie swaar nie” (1 Joh. 5:2, 3, OAB).

Lees Johannes 13:34, 35. Watter nuwe gebod het Jesus aan sy dissipels gegee, en hoe sluit dit by die idee van eenheid onder gelowiges aan?

Die gebod wat sê dat jy jou naaste soos jouself moet liefhê, is nie opsigself 'n nuwe een nie. 'n Mens sien dit in die voorskrifte wat God aan Moses gegee het (Lev. 19:18). Wat wel nuut is, is Jesus se voorskrif aan sy dissipels om mekaar op dieselfde wyse lief te hê as wat Hy hulle liefgehad het. Jesus se selfopofferende liefde is dus die toonbeeld van die nuwe etos wat in die Christelike gemeenskap geld. Is dit nie wonderlik nie – Christus is ons groot voorbeeld! Jesus se lewe getuig van liefde in praktyk. Die genade wat Hy bring, kom in die vorm van onverpoosde naastediens, van selfontsegging en van selfopoffering. 'n Mens kan jouself dit nogal voorstel, dat Christus se lewe 'n volgehoue manifestering van liefde en selfopoffering ten bate van ander was. Dieselfde beginsels wat Christus aangevuur het, behoort ook sy moderne kinders in hul interaksie met ander aan te vuur. Wat 'n kragtige getuienis kan daardie soort liefde net nie in ons wêreld wees nie! Boonop kan dit ook 'n kragtige dryfveer ter bevordering van eenheid onder gelowiges wees.

Jesus het 'n selfopofferende liefde aan sy medemens bewys. Hoe kan ons dit ook aan ander bewys?

Vir verdere studie:

Ellen G. White, “God’s Law Immutable,” bl. 443–446, in *The Great Controversy*. Lees die inskrywings “Denominations, Relations to Other,” bl. 763-764, asook “Roman Catholic Church,” bl. 1110, in die *Ellen G. White Encyclopedia*. “Die Sewendedag-Adventistekerk is ’n wêreldwye kerk wat uit ’n magdom plaaslike gemeentes bestaan. Nietemin wil Adventiste nie daarmee te kenne gee dat hulle die ganse kerk van Christus op aarde is nie. God se kerk op aarde is groter as die grense van groep en kerkgenootskap. Dit is beide sigbaar en onsigbaar, in die sin dat God se kerk uit almal bestaan wat in Jesus glo en Hom volg. Wanneer die soeklig op afvalligheid onder Christene val, tree hierdie spesifieke teologiese vraagstuk boonop sterk na vore. Let veral op die aangrypende wyse waarop dit in Openbaring aangespreek word. Hoofstuk 12 se rein kerk word met hoofstuk 17 se ‘sedelose vrou’ (oftewel die ‘groot Babilon’) gekontrasteer; wat op sy beurt met die bruid van die Lam gekontrasteer word. Laasgenoemde is die heilige stad oftewel die Nuwe Jersusalem van hoofstukke 21 en 22. In die eerste eeu na Christus was God se kerk op aarde waarskynlik baie sigbaar. Dit is natuurlik baie moeliker en meer ingewikkeld om dit in ’n tydvak soos die Middeleeue te identifiseer. “Dit is hoekom Adventiste nie die benaming ‘God se ware kerk’ vir hulself toe-eien nie, maar dit ook nie outomaties aan alle ander kerkgenootskappe toeken nie. God se ware kerk bestaan uit diegene wat waarlik in Hom glo. God ken hulle. Aan die een kant beweer Adventiste dat hulle God se spesiale, sigbare oorblyfselkerk is, soos dit in Openbaring 12:17 en ook in hoofstukke 12 tot 14 uiteengesit word. Daardie oorblyfsel het twee sye – as ’n konkreet-sigbare instelling enersyds, en die kerk as al God se kinders op aarde andersyds (Op. 2:24 en 12:17)” (Ekkehardt Mueller, “The Universality of the Church in the New Testament,” in Ángel Manuel Rodríguez [red.], *Message, Mission, and Unity of the Church* [Silver Spring, Maryland: Biblical Research Institute, Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie, 2013], bl. 37).

Vrae vir bespreking:

1. Hoekom is die vervulling van Jesus se gebed in Johannes 17 so belangrik vir ons as ’n kerkgenootskap? Duidelik was eenheid in die eerste-eeuse kerk Jesus se groot begeerte. Wat sê dit vir ons oor sy groot begeerte vir die moderne kerk?
2. Let op die volgende uittreksel uit *The Great Controversy/Die Groot Stryd*. Watter implikasies het dit vir die kerk? Hoe kan ons dit in ons geleedere verwesenlik? “As mense wat bely dat ons God se oorblyfselkerk is, behoort ons ontvanklik vir die lig uit Gods Woord te wees. Dan sal ons daardie eenheid bereik waarvoor Christus gebid het, en wat die apostel Paulus as ‘die eenheid van die Gees... deur die band van die vrede’ beskryf het [Efesiërs 4:3, OAB]. Voorts sê Hy: ‘Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop’ [verse 4, 5]” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 379).